# DIE LAASTE WOORD

## VERKIESING 1994

Na die algemene verkiesing van April wet ons almal wat 'n "volksverkiesing" oftewel 'n "people's election" is.

Almal het verkiesing gepraat en gedoen. Elkeen het 'n staaltjie, of 'n grief, of 'n vraag of 'n hartwarmmaakstorie gehad.

Want hierdie was ons eerste ten volle demokratiese verkiesing, sewe keer groter as enige vorige en uniek in so baie opsigte: dit was geskiedkundig, dramaties, problematies ... Ek het dit by tye beskryf as 'n "onoorkomelike geleentheid" en een keer teenoor die Afrikaanse Sakekamer gebieg: "Ons was te dom om te besef dis onmoontlik!"

Afgesien van 'n oorgang van dekades se apartheid na demokrasie het daar vier groot dinge gebeur met die verkiesing:

die versoening in hierdie land het begin in die lang stembustoue;

- toe mense hul kruisie trek, het jare se woede begin wegvloei;
- die land, en veral blankes, is bevry; en
- volgens 'n bekende geestelike leier, het die ouer swartmense weer na jare hul waardigheid en gesag by die jeug teruggegeneem.



*Regter Johann Kriegler, Voorsitter van die Onafhanklike Verkiesingskommissie*

Kritiek oor die verkiesing en die Onafhanklike Verkiesings=kommissie se rol was volop, gereeld en heftig. Natuurlik was daar ook erkentlikheid en dank. As 'n mens maande lank verkiesing geleef en gepraat het (slaap was nie moontlik nie!) en letterlik 'n stuk van jou lewe daaraan afgestaan het, is jy natuurlik subjektief daaroor.

Kom ons kyk dus liefs bloot na die telkaart:

- daar was geen geweld nie;
- daar was algemene



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

aanvaarding van die uitslag;

- die stempersentasie dwarsdeur die land 85% plus;
- daar was minder as een persent bedorwe stembriewe (al het 80% van die kiesers die eerste keer gestem en was 50% ongeletterd);
- tien nuwe wetgewers is suksesvol ingestel.

Siniese en spottende kommentaar was: "julle *moes* die uitslag gekook het - die ANC het nie 'n twee-derde meerderheid gekry nie, die NP het Wes-Kaap gevat en die IVP KwaZulu-Natal". Ander het dit bloot positief beskryf as 'n "droom-uitslag".

Ja, die uitslag was *wesenlik* vry en regverdig. Nee, die stemme was nie gekook nie. Nee, die uitslag was nie 'n "deal" met die politici nie. Nee, die uitslag was nie laat nie. Nee, nie al die stemme is getel nie, maar ± 99 is wel.

As die organiseerders van die nege nuwe provinsiale wetgewers en die president se inhuldiging die OVK se waarskuwing ter harte geneem het, was 100% van die reëlmatige stemme getel. Die OVK- wet het voorsiening gemaak dat ons tien dae na die sluiting van die stembusse die amptelike uitslag aankondig en die OVK het skriftelik laat wete dat hy die volle tyd nodig het. Die OVK het amptelik tot Maandag 9 Mei 1994 tyd gehad hiervoor, maar met ald ie inhuldigingsdruk, het hy Vrydag, 6 Mei die uitslag aangekondig. Toe was ±99% van die stemme getel. Bygesê, die oorblywende ± 1% sou nie die wese van die uitslag verander het nie.

As jy laat in Desember die eerste keer vergader en jy moet binne vier maande teen die einde van April 'n verkiesing hou; as jy begin met 'n splinternuwe verkiesingsorganisasie waarvan niemand weet nie; as jy geen personeel het nie en jy moet binne vier maande 300 000 mense aanstel wat die breë bevolkingsamestelling dwarsdeur die land verteenwoordig; as jy geen kieserslys het nie en getalle kiesers en hul verspreiding deur die land moet raai; as 80% van die kiesers die eerste keer hul kruisie trek en 50% ongeletterd is; as die land oorspoel word deur geweld, onverdraagsaamheid en terreur, maak dit 'n verkiesing byna onmoontlik.

Die OVK moes so wyd aan so baie soveel inligting en begrip oordra om die verkiesing te laat slaag, dat dit 'n bomenslike kommunikasiepoging geverg het. Die OVK het dit besef.

Van die eerste personeel wat ons begin werf het, was kommunikasie= praktisyns uit die private sektor, openbare-sektor, die gedrukte en elektroniese media en die skakelpraktyk. Ons het ook van kundige konsultante gebruik gemaak. Hierdie nuwe gogga, die Onafhanklike Verkiesingskommissie, moes sigbaar en hoorbaar word. In 'n tydperk van politieke wantroue, geweld, intimidasie en groot vrese vir 'n nuwe bedeling moes hy standpunt



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

stel.

Die OVK moes 'n vrye en regverdige verkiesing beloof, 'n geheime stem waarborg, demokrasie en verdraagsaamheid bevorder, die reg om vryelik stemme te werf en politieke standpunte te stel verdedig. Om dit te doen en homself bekend te stel, is uitgebreide koerant-, radio- en televisie-advertensieveldtogte ingespan.

Die OVK moes weet: waar is kennisleemtes by die kiesers, wat is hulle werklike besorgdheid, wat is vir hulle die belangrikste, wat verwag hulle van die verkiesing, van die OVK. Ons het dus dadelik aan die werk gespring met wetenskaplike markopnames om antwoorde op hierdie vrae te kry. Die 11 binnelandse en 5 buitelandse kommissarisse van die OVK het gereeld kaalkop na die uitsprake van die publiek deur hierdie opnames gekyk. Kommunikasiestrategieë en -veldtogte is beplan om vrese te besweer, gemoedsrus te versterk en die OVK se bona fides te vestig.

Soos met alle openbare instellings en figure het die OVK 'n aanvanklike wittebroodstydperk in die media geniet. Dit het nie lank gehou nie. Blapse wat die OVK onder geweldige tydsdruk en uiters moeilike omstandighede gemaak het, is spoedig - en begryplik - uitgewys deur die plaaslike en internasionale media. Daar was soms 'n gebrek aan begrip vir die kompleksiteit en omvang van die verkiesing. Maar die OVK het ook verdiend slae gekry vir eie foute.

Die belangstelling was enorm. 'n Vloedgolf navrae en versoeke vir persoonlike onderhoude, besprekings- en inbelprogramme het ingestroom. Almal wou betrokke raak, deël hê aan die gebeurtenis. Kiesersopvoeding was die (natuurlik noodsaaklike) geur van die maand!

Die OVK moes ook 'n sterk, herkenbare en konsekwente visuele identiteit kry. Die OVK se stembus-logo, sy spesifikasies en toepassing moes ook in 'n identiteitshandleiding vasgelê word sodat die ontwerp en sy variasies konsekwent gebruik kon word: op die stembrief, plakkate, kiesersopvoedingsmateriaal en enorme hoeveelhede verkiesings-materiaal (soos 33 000 baniere, 310 000 stembusplakkers, 500 000 plakkate, 250 000 inligtingspamflette en 400 000 armbande!)

Daar was gereelde media- en voorligtingskonferensies. Die OVK het van die begin af die nou reeds bekende pad van "deursigtigheid" geloop. Daar was mediaverklarings na ontmoetings met politieke leiers, oor netelige kwessies en selfs in een van ons donkerste ure toe daar tydens die telproses met die rekenaars gepeuter was. Die strewe was altyd om knelpunte (issues) pro-aktief op die mediakonferensies te hanteer. Soms het dit gewerk, soms het die knelpunt ons voorgespring.

Die meeste van die kiesersinligting sou deur die massamedia versprei



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

word - die miljoen wat daagliks koerante lees, televisie kyk of radio luister. Daar was streekskakelbeamptes in die provinsiale hoofstede. Die OVK moes ook 'n internasionale mediasentrum by Gallagher Estate, Midrand, inrig. Daar het 890 joernaliste van meer as 400 nuusorganisasies en publikasies akkreditasie verkry. Talle mediakonferensies en voorligting- sessies deur die OVK en ook politieke partye en internasionale waarnemersendings is daar gehou.

Die mediasentrum was met 'n mikrogolfskakel verbind aan die internasionale uitsaaisentrum by die SAUK (die internasionale gasuitsaaier) vanwaar die beeld- en klankmateriaal van Galagher Estate wêreldwyd versprei is. Daar was ook 'n video/oudio-koppeling met die OVK-hoofkantoor in Johannesburg. Wanneer OVK- kommissarisse te besig was om na die mediasentrum te reis, kon hulle deur middel van 'n videomuur en tweerigting-klankkommunikasie met joernaliste praat en vrae antwoord.

Die OKV se telefone het gegons. Duisende wou weet wat, waar, hoe en wanneer. Oudioteksinligting en veeltalige operateurs is ingespan om inligting te verstrek en hulle het 219 000 oproepe hanteer.

'n Krisiskommunikasieplan is opgestel vir gebeurlikhede, maar, soos ons almal nou weet, was die taak so moeilik en krisisgedrewe dat daardie plan nooit juis gebruik was nie. Elke dag het krisisse opgelewer! (Dink maar aan die val van die Bophuthatswana-regering, die geweld in KwaZulu-Natal en die IVP se toetrede twee werksdae voor die verkiesing, die geweld oor stemreg in die gevangenisse, die terreur op die vooraand van die verkiesing, die opraak, herdruk en herverspreiding van stembriewe ...!)

Om intern onder die OVK se personeel te kommunikeer was ook 'n reusetaak - die personeel het so vinnig gegroei, die inligting en omstandighede in die land het so vinnig verander en almal moes lang, lang ure werk. Daar was lang weke wat jy enige tyd van die dag of nag in die OVK-kantore kon rondloop en personeel sien. Saterdae en Sondae het ons net sonder das gewerk! Daar was ook ander kommunikasiebedrywighede buite die skakelafdeling. Die Kommissarisse moes elk verantwoordelikheid vir 'n provinsiale streek aanvaar. Tydens gereelde streekbesoeke is hul programme gekoördineer en só gereël dat hulle met gemeenskaps-, sake- en ander leiers asook die politieke partye en OVK-amptenare gepraat het. Om dele wat óf deur geweld, óf die dominasie van een politieek party "toe" was, weer "oop" te kry, het die OVK "operation Access" geloods. Daar is vooraf met politieke leiers oor spelreëls ooreengekom, elkeen het dan 'n spreekbeurt by 'n samekoms onder voorsitterskap van die OVK gekry en OVK-voertuie met luidsprekers en



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

kieseropvoedingsmateriaal het inbeweeg om kiesers in te lig.

Die Kommissie het besef dat hy nie sy skakelafdeling bloot as 'n noodhulpkissie moet gebruik as dinge skeefloop nie. Kommunikasie moes van meet af in sy besluite ingereken word. Selfs operasionele, finansiële en tegniese besluite het kommunikasie-implikasies. Daarom het die hoof en senior personeel van die skakelafdeling vergaderings van die Kommissarisse bygewoon, is hul menings, advies en voorleggings gevra, van kennis geneem en gebruik.

Om 'n verkiesing te hou met geweld en agterdog pleks van 'n kieserslys en krisisse pleks van 'n jaar se behoorlike beplanning, was nie maklik nie. Kommunikasie, sy tegnieke, kanale en sy beoefenaars het gehelp om van die kopsere te oorbrug. Die belangrikste van alles was die kommunikasie van die miljoene Suid-Afrikaanse kiesers: 'n volk wat met sy kruisies gepraat het ...

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).